Hoërskool

# Jim Fouché

VOLUME 14 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 15 MEI 2026




MEI

15

SKOOL VERJAAR

16

CLASSIC CLASHES

CLASSIC CLASH

22

DIAMANTVELD

Volg JF
SOSIALE MEDIA


op Facebook @JFAmptelik
op TikTok @jfamptelik
op Instagram @jfamptelik
#DROOMGROOTDROOMJF
www.jf.co.za

# Mei 2026

## JUNIE

06 Junie: Netbal: VS-oefenkamp.
06 Junie: Rugby: VS-bondedag.
12 – 13 Junie: Netbal: DSTV, VS-dag. Motsepe 0/15.
13 Junie: Hokkie, VS-dag.
15 Junie: Skool vakansiedag
16 Junie: Jeugdag
20 Junie: Netbal VS-oefenkamp
21 Junie: Vadersdag
26 Junie: Skool sluit.

*Belangrike datums*

| | | | DO | VRY | SAT | SON |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 MNR. & MEJ. JF<br>JF FJ | 7 | 8 Landloop<br>Duineveld inter | 9 | 10 Moedersdag  |
| 11  | 12 Afrikaanse senior olimpiade<br>Grade byeenkoms | 13 JF FJ | 14 67  | 15 Landloop<br>Potspel | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 JF FJ | 21 | 22 Koskasdag<br>ATKV Redenaars Semifinaal<br>Potspel<br>Landloop | 23 Wisk: Nautilus<br>Diamantveld | 24 |
| 25 Oppi Tong Af semi-finaal | 26 | 27 JF FJ | 28 | 29 Landloop  | 30 | 31 Kerkparade |

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

En so breek die FNB Classic Clashes 2026 teen Sentraal aan. Die volledige program vir die naweek is deel van hierdie weekbrief. Ons het 'n pragtige week van geesvang en kultuur agter die rug. Elkeen van die JF-gemeenskap word hartlik na die inter uitgenooi met al die wedstryde wat by Sentraal gaan plaasvind.

Kom ons daag in groot getalle op en wys die Tralies hoekom ons bloed groen is. Mag hierdie naweek gekenmerk word deur ware JF-karakter, JF-sportmanskap, JF-vriendelikheid en JF-respek.

Boonop het ons JF se 67ste verjaarsdag ook nog gevier.

## 67 jaar van onverdiende genade en seën uit die Here se hand...

Baie dankie aan elke leerder, oud-leerder, ouers en voogde, BL-lede, personeel en sommer net JF-ondersteuners in die algemeen, vir soveel jare se getroue ondersteuning en lojaliteit. Dankie dat u saam droom aan die JF-droom en dit is: Gelukkige kinders presteer en daarom sal ons altyd ***"Saai om te oes".***

Ns.

## "Wees jy die rede vir iemand se glimlag vandag..."



Vriendelike JF-groete
Henri Wilken

# CLASSIC CLASH 2026

In goue golwe wieg die koringare stil,
onder die son se sagte, warm gebril.
Die veld fluister stories van wind en tyd,
waar elke aar sy eie droom belei.



Tussen die stingels dans die bye lig,
met vlerke wat glinster in son se sig.
Hulle neurie liede van heuning en hoop,
van blom tot blom in 'n eindelose loop.



Die aarde asem rustig onder hul spel,
'n ritme so oud, net die natuur kan vertel.
Waar koring en bye saam hul werk verrig,
is daar lewe, oorvloed — eenvoudig en dig.
So groei die dag in goue harmonie,
met sagte gebrom en 'n sagte briesie.
En in daardie oomblik, so klein en so waar,
vind mens vrede...
tussen by en aar.

# Eksamen

## JUNIE 2026 ROOSTER

| DATUM | 8 | 9 | 10 | | 11 | | 12 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Oggend | Middag | Oggend | Middag | Oggend | Middag |
| 1 Junie | | | RTT V1 (2½ure) | Engels V3 (2½ure) | LO (2½ure) | IGO V1 (2½uur) | Rek V1 (2ure) | Afrikaans V2 (2½ure) |
| 2 Junie | | | Rek (2½ure) Geskiedenis (2ure) | | Engels P1+2 (2½ure) | IT V1 (3ure) | RTT V1 (3ure) Musiek V1 (3ure) | Toerisme (3ure) |
| 3 Junie | | | Verbruikers (2ure) IT V1 (3 ure) | | RTT V1 (2½ure) | IGO V2 (2½ure) | Afrikaans V1 (2ure) | IT V1 (3ure) Kuns (3ure) |
| 4 Junie | | | Drama (2ure) | Afrikaans V1 (2ure) | Drama (3ure) | | Rek V2 (2ure) | RTT V2 (3ure) |
| 5 Junie | | | LO (2½ure) | | Wisk V1 (2ure) Wisk G V1 (1½ure) | | LWet V1 (2½ure) | IGO V1 (3ure) Musiek V2 (2ure) |
| 8 Junie | SK (1uur) | LO (1½uur) | Afrikaans V2 (2½ure) | | Wisk V2 (2ure) Wisk G V2 (1½ure) | | LWet V2 (2½ure) | IGO V2 (3ure) |
| 9 Junie | Engels (2uur) | SW Gesk (1½uur) | Toerisme (1½ure) | IGO V1 (2ure) | Besigst V1 (2ure) IT V2 (3ure) Kuns (3ure) | | Geografie V1 (3ure) Drama (3ure) | IT V2 (3ure) |
| 10 Junie | LO (1½uur) | Engels (2ure) | RTT V2 (2ure) IT V2 (3ure) Musiek V1 (3ure) | Musiek V2 (3ure) | Fis Wet (3ure) Besigst V2 (2ure) | Afrikaans V3 (3ure) | Verbruikers (3ure) | Afrikaans V3 (3ure) |
| 11 Junie | NW Materie (1uur) | EBW (1½uur) | Engels P1+2 (2½ure) | Kuns (3ure) | Verbruikers (2½ure) Musiek V1 (3ure) | Musiek V2 (3ure) | Engels P1 (2ure) | |
| 12 Junie | SW Gesk (1½ure) | NW Lewe (1uur) | LWet (2½ure) | | LWet (2½ure) | | Wisk V1 (3ure) Wisk G V1 (2ure) | |
| 15 Junie | VAKANSIEDAG | VAKANSIEDAG | | VAKANSIEDAG | | VAKANSIEDAG | VAKANSIEDAG | |
| 16 Junie | VAKANSIEDAG | VAKANSIEDAG | | VAKANSIEDAG | | VAKANSIEDAG | VAKANSIEDAG | |

# Eksamen

## JUNIE 2026 ROOSTER


| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |
| 17 Junie | Tegnologie (1uur) | Wiskunde (2ure) | Fis Wet (3ure) | | Geografie (2½ure) | Afrikaans V2 (2½ure) | Wisk V2 (3ure) Wisk G V2 (2ure) | |
| 18 Junie | EBW (1½uur) | SK (1uur) | Geografie (2½ure) | | Afrikaans V1 (2ure) | RTT V2 (2½ure) | Engels P2 (2ure) | |
| 19 Junie | Afrikaans (2uur) | SW Geo (1½ure) | Besigheids (3ure) | | Rek V1 (2ure) | | Fis Wet V1 (3ure) Besigheid V1 (2ure) | |
| 20 Junie | | | | | | | | |
| 21 Junie | | | | | | | | |
| 22 Junie | NW Lewe (1uur) | NW Materie (1uur) | Wisk (3uur) Wisk G (2uur) | | Rek V2 (2ure) Dramaprak | | Fis Wet V2 (3ure) Besigheid V2 (2ure) | |
| 23 Junie | Wiskunde (2ure) | Tegnologie (1uur) | Toerisme PAT | | Toerisme (2ure) | | Geografie V2 (3ure) Dramaprak | Ekonomie V2 (2ure) Dramaprak |
| 24 Junie | SW Geo (1½ure) | Afrikaans (2ure) | Dramaprak Toerisme PAT | | Toerisme PAT | | LO (2ure) | Ekonomie V1 (2ure) |
| 25 Junie | REM | | Dramaprak | | Toerisme PAT | | | |
| 26 Junie | REM | REM | REM | | | | | |

Filippense 4:13, wat sê:
"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee"



**STERKTE**

**VOORBEREIDING IS DIE SLEUTEL TOT SUKSES!**



# Finansies:

## Skoolfonds 2026:

Dit is die behoefte van ons hart om vir elke ouer/voog wat getrou hul skoolgeld betaal, dankie te sê. U getroue betaling help ons om 'n skool van uitnemendheid te bly.

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Skool se bankbesonderhede:**
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by finans@jf.co.za

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by skoolfonds@jf.co.za

## Kwytskeldings 2026:

Die uitslag van volledig voltooide aansoeke is aangetoon op u staat van 30 April 2026.

Kontak Hannelie Maritz by skoolfonds@jf.co.za indien u wel 'n aansoek terug besorg het en kwytskelding nie op u staat getoon word nie.

## Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- Skoolfonds is 'n statutêre verpligting wat nagekom moet word, tensy u as ouer gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytgeskeld) is.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds.

Ons doen 'n dringende beroep op u as ouer om asseblief u skoolfonds op datum te hou. Dankie aan elke ouer wat 'n reëlings kom tref het t.o.v. agterstallige skoolfonds en sodanige ondernemings getrou nakom.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za**

## NUUS UIT DIE KLEREBANK

**Vanaf nou tot en met 5 Junie sal die Klerebank gedurende gewone tye oop wees:**

**Maandag: 10:20-11:20**
**Dinsdag: 10:20-11:20**
**13:30-14:00**
**Woensdag: 7:00-7:30**
**10:20-11:20**
**Donderdag: 10:20-11:20**
**Vrydag: 10:20-11:20**

**Vanaf Maandag 8 Junie tot 25 Junie sal die Klerebank oop wees vir eksamentye:**
**Maandag- Vrydag slegs 7:30-8:00**

DANKBAARHEID

# Waardes

## Dankbaarheids-Donderdag 6

## Die Voorreg van Vryheid (Ons Land: SA)

Dit het amper 'n nasionale sport geword om te kla oor alles wat fout is in Suid-Afrika. En hoewel daar uitdagings is, vergeet ons dikwels van die ongelooflike voorregte wat ons elke dag geniet. Ons leef in 'n land waar ons die vryheid het om ons eie geloof te beoefen sonder vrees, waar ons ons opinies mag deel, en waar ons deel is van 'n ryk kultuurverskeidenheid. Ons geniet sonskyn wat gratis is vir almal en 'n natuurskoon wat mense van regoor die wêreld kom bewonder. Dankbaarheid vir ons land beteken dat ons kies om nie net die foute raak te sien nie, maar ook die geleenthede. Dit is ons verantwoordelikheid om met dankbaarheid te bou aan 'n toekoms waar vryheid en waardes vir almal geëer word.

"Gaan sy poorte binne met danksegging,
sy voorhowe met lof;
dank Hom, prys sy Naam." –
Psalm 100:4

Vader, dankie vir die sonskyn oor ons land en die kosbare vryheid wat ons geniet. Dankie dat ons in vrede kan saamleef en leer. Help ons as jongmense om met hoop en dankbaarheid na Suid-Afrika te kyk en om aktief by te dra om 'n verskil te maak in ons gemeenskap. Amen.

Dankbaar

*Ons geniet sonskyn wat gratis is vir almal en 'n natuurskoon wat mense van regoor die wêreld kom bewonder.*

# UIT DIE KANTOOR VAN DIE LOO

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# DIE CLASSIC CLASHES

Die Classic Clashes is een van die opwindendste gebeurtenisse van die jaar.
Dit is een van die hoogtepunte op die Jim Fouché-skoolkalender. Saam met hierdie sportbyeenkoms kom daar groot opgewondenheid en 'n vrolike atmosfeer. Leerders praat met groot entoesiasme oor die byeenkoms en geesliedjies word oral op die stoepe gehoor.

Hierdie tipe byeenkomste bring die skool nader aan mekaar en bevorder 'n gevoel van samehorigheid. Die skool staan saam, werk saam, wen saam en verloor saam! Dit bou 'n gevoel van eenheid en trots.

Sport is egter meer as net 'n kompetisie. Dit leer mense belangrike waardes soos spanwerk, dissipline, deursettingsvermoë en respek. Sport leer jou ook van wen en verloor. Soms is jy die beste, maar soms is daar ook mense wat beter as jy is. Dit is belangrik om te leer hoe om beide wen en verloor op 'n goeie manier te hanteer.

Wanneer 'n mens wen, voel jy trots en gelukkig. Dit wys dat harde werk, oefening en deursettingsvermoë beloon word. Wen gee ook selfvertroue en motiveer 'n mens om nog beter te doen. Tog moet 'n mens altyd nederig bly wanneer jy wen. Dit is belangrik om respek te toon teenoor die mense wat verloor het.

Verloor is nie maklik nie. Dit kan 'n mens teleurgesteld en hartseer laat voel, maar dit kan jou ook sterker maak. Dit leer jou om uit jou foute te leer en harder te werk. Verloor help ook om karakter te bou. Deelname en om jou beste te gee, is belangriker as net om te wen.

Terwyl ons uitsien na die Classic Clashes, is dit belangrik om altyd goeie sportmansgees te toon, jou beste te gee en die sport te geniet.

Ek sluit af met 'n gesegde van Michael Jordan:
"Just play. Have fun. Enjoy the game."




MA'S WAT OMGEE
GOD, DIE VADER VAN ONS HERE JESUS CHRISTUS, WORD GEPRYS! HY IS DIE VADER VAN BARMHARTIGHEID EN DIE GOD WAT IN ELKE OPSIG BEMOEDIG.
Fil. 4:8



# 67 JAAR VAN GENADE




DROMMEDARIS

# Mnr & Mej JF



*Baie dankie aan die borge wat die aand spesiaal gemaak het.*

HH HANANI'S HAIR

Lené Gems

Annette's Creative Sewing
Annette Liebenberg
082 401 9987
37 Totius Street, Langenhoven

WIMPY

CAPEDRY™
CAPE DRIED FRUIT PACKERS
Bloemfontein

Viléste Couture

ESTIE SWART artistry

GLAZED DONUT CAFE

EDEN TECH

HEADLINES BARBERS

LILLY'S BILTONG BAR

Pure Hair & CHANTZ BOUTIQUE
HAIR • NAILS • BEAUTY
142 Haldon Road, Gardeniapark, Bloemfontein
071 517 4019

CY-FY FITNESS
YOUR GOALS, OUR PASSION

FF Fancy Face
GENERAL DEPARTMENT STORE

SkinIQ

suits.






SENTRA[L]E SKOLE SPORTREEKS 2026

# PROGRAM

## 14 MAART
GV VS JF
WITT VS SENT
TRIO VS DHS
BVHS VS FHP

## 20 MAAR
SENT VS GV

## 21 MAART
JF VS WITT
DHS VS BVHS
FHP VS TRIO

## 11 APRIL
FHP VS JF

## 18 APRIL
FHP VS SEN
GV VS TRIO

## 25 APRIL
WITT VS GV

## 1 MEI
TRIO VS BVHS

## 1 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVHS

## 9 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVH

## 16 MEI
DHS VS FHP
SENT VS JF
GV VS BVHS
WITT VS TRIO

## 23 MEI
JF VS DHS
BVHS VS WITT

## 25 JULIE
BVHS VS JF
DHS VS GV
TRIO VS SENT
FHP VS WITT

## 1 AUG
WITT VS DHS
GV VS FHP
JF VS TRIO
SENT VS BVHS


SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026
WES grow EST.1964
HOËRSKOOL SENTRAAL
WERK EN WEN
VS
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
15-16 MEI - HOËRSKOOL SENTRAAL
UFS
novus media community news
skilltracer
vkb

# Kapteine

## HOKKIE

**VRYDAG 17:00**




**ANGELISE SMITH & MINKE LABUSCHAGNE**
Kaptein

## HOKKIE

**VRYDAG 19:40**




**EBEN STANDER, SHERMON PAULSEN & FRANCIOS WILKEN**
Kapteine

## NETBAL

**SATERDAG 11:40**




**CALISTA VILJOEN & GERMARI VENTER**
Kaptein

## RUGBY

**SATERDAG 14:00**




**JG NOETH & RICO KELLERMAN**
Kaptein

# Kapteine

## TENNIS

VRYDAG 13:00




**MINÉ SPIES & ODENDAAL CHRISTIAAN**
Kaptein

## SKAAK

VRYDAG 13:00




**HJ de Villiers**
Kaptein

## POTSPEL

MAANDAG 14:00




**Crowther Darius**
Kaptein

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

15 MEI - HOËRSKOOL SENTRAAL

HOËRSKOOL SENTRAAL VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## BEPALINGS : HOKKIE

## ASTRO

| TYD | SPAN |
|---|---|
| 13:00 | o.14A(Meisies) |
| 14:00 | o.16A(Seuns) |
| 15:00 | o.14A(Seuns) |
| 16:00 | O.14B(Meisies) |
| 17:00 | o.18A(Meisies) |
| 19:40 | o.18A(Seuns) |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

16 MEI - HOËRSKOOL SENTRAAL

HOËRSKOOL SENTRAAL VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## BEPALINGS : HOKKIE

## ASTRO

| TYD | SPAN |
|---|---|
| 07:30 | o.18B(Seuns) |
| 08:30 | o.16B(Seuns) |
| 09:30 | o.16A(Meisies) |
| 10:30 | o.18C(Meisies) |
| 11:30 | o.16B(Meisies) |
| 12:30 | o.18B(Meisies) |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

16 MEI - HOËRSKOOL SENTRAAL

HOËRSKOOL SENTRAAL VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## BEPALINGS : NETBAL

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 4 |
|---|---|---|---|---|
| 08:30 | o.16B | o.14C | o.15C | |
| 09:05 | o.19B | o.15D | o.19D | o.14D |
| 09:40 | o.15A | o.14B | o.16C | |
| 10:15 | o.14A | o.15B | o.19C | o.14E |
| 10:50 | o.16A | o.19E | | |
| 11:40 | o.19A | | | |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

15 MEI - HOËRSKOOL SENTRAAL

HOËRSKOOL SENTRAAL VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## BEPALINGS : NETBAL

| TYD | BAAN 1 |
|---|---|
| 14:00 | o.17A |

## BEPALINGS : RUGBY

| TYD | B - VELD |
|---|---|
| 09:00 | o.19C |
| 10:20 | o.16B |
| 11:30 | o.14B |

| TYD | C - VELD |
|---|---|
| 11:00 | o.15B |

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

16 MEI - HOËRSKOOL SENTRAAL

HOËRSKOOL SENTRAAL VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## BEPALINGS : RUGBY

| TYD | A - VELD |
|---|---|
| 09:00 | o.14A |
| 10:00 | o.15A |
| 11:00 | o.19B |
| 12:20 | o.16A |
| 14:00 | o.19A |

skilltracer vkb UFS novus



# Sport

# HOKKIE

| WEEK 6 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Maandag 18/5 | 14:00 | 14A Dogters | EHS B | TUIS |
| Dinsdag 19/5 | 17:00 | 3de Dogters | OMS 4 | TUIS |
| | 14:00 | 14B Dogters | CBC A | TU[illegible] |
| | 14:30 | 2de Dogters | CBC 1 | WE[illegible] |
| Woensdag 20/5 | 16:00 | 1ste Dogters | Colts | TUIS |
| | 15:15 | 16B Dogters | EHS C | WEG |
| | 16:00 | 2de Seuns | Saints 3 | WEG |
| | 20:20 | 1ste Seuns | Grey 3 | WEG |
| Donderdag 21/5 | 15:00 | 3de Seuns | Sentraal 2 | TUIS |
| | 15:30 | 14B Seuns | FHP | WE[illegible] |
| | 14:00 | 2de Dogters | Zastron | T[illegible]IS |



## Hokkie Stadsliga


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode

Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG

Vir inskrywings volg die QR-kode

R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span

22 September '26
BLOEMFONTEIN GHOLFKLUB

STONEY'S Wheel & Tyre
AVIS

Merice - 063 202 6387
bemarking@jf.co.za

# KULTUUR Redenaars

## Die volgende leerders dring na die ATKV-redenaars se semi-finaal deur wat op 22 Mei in Welkom plaasvind:




# Oester F

Die storie agter die stories

Volg ons op



Geagte Voorsitter, Dames en Here.
Hoërskool Jim Fouché het hierdie jaar weer aan die ATKV Redenaars deelgeneem, en ek kan beaam dat ons deelnemers se toesprake op almal se lippe was.

"Naskrif", "polemiek" en "risiko" was van die temas waarmee die leerders kon woeker, en daar is geredeneer tot laat die aand (Ons het eers omtrent om middernag uit Bethlehem teruggekeer.) Perspektiewe is omgegooi, kennis is gedeel en tussen alles deu het daar iets vasgesteek. Dalk is iemand oortuig om maar liewe hulle selfone te bêre (risiko van selfone) of dalk is daar iets diepe wat geleer kon word – soos dat die lewe nie 'n naskrif het nie (Sê wat jy moet sê; doen nóú wat jy moet doen.)

Een ding het ek tussen al die flitskaarte, senuwees en beoordelaars gesien: Passie is aansteeklik, so wat keer jou om as JF-leerder opreg om te gee, en jou boonop uit te spreek, oor dit wat jou hart drie keer vinniger laat klop?

Oester F
Die storie agter die stories
Volg ons op




Skrywer:
-Adele Pienaar

# EERS ALGEBRA, VOLGENDE DIE MAAN

Artemis II se grootste kompetisie dalk net 'n wiskunde-juffrou

Met die opgewondenheid rondom die wêreld se nuwe maanmissie, Artemis II, het ons skool besluit om 'n baie belangrike vraag te vra: Watter personeellid sal heel waarskynlik só 'n missie oorleef? Die antwoord het vinnig en duidelik gekom – juffrou Koekemoer! Terwyl Artemis II beplan om mense weer om die maan te stuur vir die eerste keer in dekades, glo ons leerders dat juffrou Koekemoer sonder twyfel perfek sal inpas tussen die ruimtevaarders.
As wiskunde-onderwyseres is sy reeds gewoond daaraan om moeilike probleme vinniger op te los as wat 'n vuurpyl opstyg, en haar kalm geaardheid sal selfs 'n tegniese fout in die ruimte laat lyk soos net nóg 'n wiskundesom.

Maar buiten al die slimheid, is dit eintlik juffrou Koekemoer se ongelooflike persoonlikheid wat haar die ideale kandidaat maak. Sy is een van daardie wonderlike mensies wat altyd vriendelik bly, selfs onder druk, iets wat beslis handig sal wees miljoene kilometers van die aarde af! 'n Mens kan jou sommer voorstel hoe sy op die ruimtetuig sit, besig om sterre dop te hou, terwyl sy terselfdertyd iemand help om x uit te werk. Een ding is seker: As Artemis II nóg 'n spanlid nodig kry, weet Hoërskool Jim Fouché presies wie om aan te beveel!



# Verjaarsdag GEES



HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
Oester
Die sto ter die stories

# TALENT CLASH




https:..www.jfoester.co.za.<<<

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

Hoërskool Jim Fouché

# WIL JY ADVERTEER BY JF?












## ADVERTENSIEBORD-SPASIE BESKIKBAAR

Vir meer inligting kontak:

**MERICKE ERASMUS**

**BEMARKING@JF.CO.ZA**

**063 202 6387**

24 – 26 APRIL

# LANDSDIENS



# MAXHKAMP





Dag 1: arriveer, braai, kyk diere en begin macrame projek

Die Koringare het die naweek by Nature's Pride gaan kamp. Die leerders het Vrydag aangekom, tente opgeslaan, gebraai en die aand met Godsdiens afgesluit—met die geluide van die wild in die agtergrond.

Saterdag het die leerders 'n toer deur die diere-area gedoen en meer oor die verskillende diere geleer. Die grootste hoogtepunt was die leeuwelpies. Later is daar ook op 'n wildsrit gegaan en die middag is aan handvaardighede gewerk. Die dag is afgesluit met 'n vasvra en lofprysing.

Sondag is kamp opgeslaan en die leerders het weer tyd saam met die leeuwelpies spandeer voordat hulle huis toe is.

Dit was 'n naweek vol saamkuier en nuwe ervarings—selfs die koue en reën kon dit nie bederf nie.





Dag 2: interaksie met diere, toer en inligting sessie





Dag 3: Naby interaksie met die 5 tot 6 maande leeutjies.





# BESTEL NOU VIR DIE SEISOEN







#trotsJF

WWW.JF.CO.ZA

# PRYSLYS



## LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R580





## WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460

## GOLFERS: KORTMOU

R340



## PETTE

R166



## LIP BALM

R30



## VISOR

R166




## BUFF

R80



## STROOIHOED

R110

COMBO R170

## JF Band

R60



## BREËRANDHOED

R230



## JF PIN

R80

# KOSKASDAG

## 22 Mei 2026

| | |
|---|---|
| Graad 8 & 9 | Enige blikkies groente |
| Graad 10 | Enige pasta of rys |
| Graad 11 | Enige mieliemeel, hawermout of lensies |
| Graad 12 | Enige seep, tandepasta, seeppoeier of langlewe melk |









